TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
NPO 001-597 PBO 130001311
Posbus 13383 Hatfield 0028, Tel: 012-362 0660 Faks: 012-362 0675 Epos: toibo@imaginet.co.za
www.toibo.org.za

Nuus uit die kantoor

Geagte dominee

TOIBO se 70ste bestaansjaarvieringe het afgeskop met 'n heerlike ontbyt op 10 Maart by Transvalia-skool. Verteenwoordigers van die drie susterkerke, oudbestuurslede en oudskoolhoofde was van die gaste.

Regs: Dr Wouter van Wyk en Ds Nic van der Walt

Dr Pieter Heystek as gas van KykNet se program Die GROOT Ontbyt op 13 Maart.

Die banier wat vanjaar by die skole vertoon sal word.

Feesvieringe is op 23 Maart voorgesit by Hoërskool Martie du Plessis. Die boom van die jaar – Blinkblaar-wag-'n-bietjie – word geplant. Die skool ontvang ook R70 000 as geskenk.

Baie dankie aan al die gemeentes wat op 12 Maart saam met ons 70 jaar van OMGEE en GENADE gevier het asook aan ander gemeentes wat dit reeds op 'n ander datum gedoen het. U ondersteuning aan die kind met 'n spesiale onderwysbehoefte word opreg waardeer.

Dankie dat u saam met ons kinders se drome laat waar word!

Vriendelike Instituutgroete

ARINA JOOSTE (MEV)
UITVOERENDE BEAMPTE

DR PH (PIETER) HEYSTEK
VOORSITTER

Transoranje Instituut, ABSA Rekeningnommer: 020 840 145